Registrasie van Boerboele (Bylae E)

Verduidelikende notas

Die SABT se verklaarde missie is om die Boerboelras te veredel. Dit kan onder meer bereik word deur die genepoel te vergroot.

*Tydens 'n vergadering op 21 Mei 2011 het die Raad die vereistes vir SABT-registrasie van Boerboele hersien. Die Raad het besluit om alle Boerboele vir keuring en daaropvolgende volle registrasie te aanvaar indien die hond 'n **geldige*** geboortesertifikaat het (d.i. 'n geboortesertifikaat wat vir die SABT aanvaarbaar is) en 'n minimum keurpunt van 75% behaal.*

Let daarop dat die SABT-registrasiesertifikate van honde wat oorspronklik by ander organisasies geregistreer is, nie die keurpunte van sodanige organisasies sal weergee nie. Die honde se stambome, indien beskikbaar en aanvaarbaar vir die SABT, mag wel op die registrasiesertifikate ingesluit word.

Verwys asb na die registrasievereistes, soos hieronder uiteengesit:

SABT-REGISTRASIEREGISTER (VOLLE REGISTRASIE)

1. "n Boerboel wat by 'n keuring vir volle registrasie aangebied word, moet in besit wees van 'n *geldige** Geboortesertifikaat/Geboortekennisgewing en Registrasiesertifikaat (in die geval van 'n herkeuring). Hierdie dokumente moet tydens die keuring by die registrasietafel ingedien word.
2. Indien u Boerboel 'n *geldige** geboortesertifikaat het en 'n minimum punt van 75% behaal, sal hy/sy in die Registrasieregister opgeneem word en 'n Registrasiesertifikaat via die SABT-kantoor ontvang.
3. Indien u Boerboel nie die minimum punt van 75% behaal nie, word hy/sy afgekeur en dus nie geregistreer nie.
4. U Boerboel mag vanaf die ouderdom van 12 maande vir keuring aangebied word, alhoewel dit beter is as hy/sy 'n bietjie ouer is. Die aanbevole ouderdom is ±18 maande.
5. Amptelike SABT-keurdae word regdeur die jaar aangebied. Kontak die SABT-kantoor of besoek die SABT-webwerf by www.sabt.co.za vir inligting oor keurdatums en -plekke en die name van kontakpersone.
6. Keuringsgeld word by alle keurings gehef en is tydens inskrywing betaalbaar.
7. 'n Boerboel kan na die oordeel van die Senior Keurder gediskwalifiseer word indien die hond enige ernstige afwykings en/of kombinasie van afwykings van die rasstandaard toon en wat die hond se gesondheid en/of funksionaliteit nadelig sal beïnvloed. Onbeheerste, ooraggressiewe of bang Boerboele sal ook onmiddellik gediskwalifiseer word.
8. Indien die Boerboel gediskwalifiseer word sonder dat die keurproses ten volle uitgevoer is, sal die inskrywingsgeld aan die eienaar terugbetaal word.

Definisie:
**Geldige Geboortesertifikaat/Geboortekennisgewing/Registrasiesertifikaat* beteken dat die dokumentasie vir die SABT aanvaarbaar moet wees.

SABT-Stoetregister

1. 'n Boerboel wat meer as 85% tydens 'n keuring behaal, mag in die Stoetregister opgeneem word, mits die eienaar oorspronklike sertifikate aan die SABT-kantoor voorlê as bewys dat die betrokke hond aan die volgende vereistes voldoen:
   - Tewe moet deur geregistreerde veeartse of veterinêre instansies ondersoek word vir tekens van vaginale hiperplasie. Graad 1 is die kriterium vir toelating tot die Stoetregister.
   - 'n Gesertifiseerde radioloog moet sertifiseer dat die betrokke hond 'n heupstatus het van tussen 0:0 en 1:1, of 'n FCI-status van tussen A1 en C2.
   - Die SABT-keurder moet tydens die keurproses 'n *korrek* (+) of *aanvaarbaar* (o) vir die hond se ooglede toeken.

2. U mag onder *geen* omstandighede met ’n ongeregistreerde Boerboel teel nie.
3. Raadpleeg ook Bylaes F, G, H, I en J vir nadere besonderhede.

REGISTRASIE VAN HONDE MET ONVOLLEDIGE DOKUMENTASIE

SABT-Ontwikkelingsregister

1. Waar die vereiste dokumentasie van ‘n hond onvolledig/afwesig is,sal die eienaar se aansoek om registrasie op meriete oorweeg word.
2. Indien die hond ’n minimum van 80% behaal, sal hy/sy in die Ontwikkelingsregister opgeneem word.
3. Die hond se eerste nageslag sal in die Ontwikkelingsregister opgeneem word indien hulle ook ’n minimum van 80% behaal.
4. Die tweede nageslag mag in die Ontwikkelingsregister bly indien hulle ook ’n minimum van 80% behaal.
5. Die derde nageslag mag in die Registrasieregister (volle registrasie)opgeneem word indien hulle ‘n minimumkeurpunt van 85% behaal. Indien nie, bly hulle in die Ontwikkelingsregister.